

Handelinge 4

Handelinge 4:1-37

1 En terwyl hulle besig was om met die volk te spreek, het die priesters en die hoofman van die tempel en die Sadduseërs op hulle afgekom, 2 baie ontevrede dat hulle die volk leer en in Jesus die opstanding uit die dode verkondig. 3 En hulle het die hande aan hulle geslaan en hulle in die gevangenis gesit tot die volgende môre toe, want dit was al aand. 4 En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyf duisend geword.

5 Die volgende dag kom toe hulle owerstes en ouderlinge en skrifgeleerdes in Jerusalem bymekaar, 6 ook Annas, die hoëpriester, en Kájafas en Johannes en Alexander en almal wat van die hoëpriesterlike familie was; 7 en toe hulle hul voorgebring het, vra hulle: Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen? 8 Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel, 9 as ons vandag ondervra word oor 'n weldaad aan 'n siek man, waardeur hy gesond geword het, 10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. 11 Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. 12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

13 En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken. 14 En omdat hulle die man wat genees was, by hulle sien staan, kon hulle niks daarteen sê nie. 15 Hulle het hul toe gelas om buitekant die Raad te gaan, en met mekaar beraadslaag 16 en gesê: Wat moet ons met hierdie manne doen? Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie. 17 Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie.

18 En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. 19 Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; 20 want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.

21 En nadat hulle nog dreigemente bygevoeg het, aangesien hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie, het hulle ter wille van die volk hulle losgelaat, want almal het God verheerlik oor wat gebeur het. 22 Want die man aan wie hierdie teken van genesing plaasgevind het, was meer as veertig jaar oud.

23 En nadat hulle losgelaat was, het hulle na hul eie mense gegaan en alles vertel wat die owerpriesters en die ouderlinge aan hulle gesê het. 24 En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, 25 wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? 26 Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. 27 Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, 28 om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind. 29 En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, 30 deurdadig U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind.

31 En toe hulle gebed het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek. 32 En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. 33 En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. 34 Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. 35 En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.

36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was – wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting – ’n Leviet, van geboorte uit Ciprus, 37 het ’n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

1. Handeling 4:1-12 – Petrus se verkondiging in die Joodse Raad

1 En terwyl hulle besig was om met die volk te spreek, het die priesters en die hoofman van die tempel en die Sadduseërs op hulle afgekom, **2** baie ontevrede dat hulle die volk leer en in Jesus die opstanding uit die dode verkondig. **3** En hulle het die hande aan hulle geslaan en hulle in die gevangenis gesit tot die volgende môre toe, want dit was al aand. **4** En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyf duisend geword.

5 Die volgende dag kom toe hulle owerstes en ouderlinge en skrifgeleerdes in Jerusalem bymekaar, **6** ook Annas, die hoëpriester, en Kájafas en Johannes en Alexander en almal wat van die hoëpriesterlike familie was; **7** en toe hulle hul voorgebring het, vra hulle: Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen? **8** Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel, **9** as ons vandag ondervra word oor ’n weldaad aan ’n siek man, waardeur hy gesond geword het, **10** laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. **11** Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat ’n hoeksteen geword het. **12** En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

1.1 Vrae by Handeling 4:1-12

1. Wie is die <i>hulle</i> wat met die volk gespreek het? (vers 1)
--

2. Wie almal het op hulle afgekom? (vers 1)
3. Hoekom sou hulle op hulle afgekom het? (vers 1)
4. Waaroor was hierdie mense ontevrede? (vers 2)
5. Hoekom was hulle hieroor ontevrede? (vers 2)

Petrus en Johannes was nog besig om aan die Jode wat rondom hulle en die geneesde man vergader het die genade van God aan die Jode te verkondig. Om die waarheid te sê, hulle was net besig om sê hoe God dit beskik het dat die Jode eerste die boodskap van verlossing in die Naam van Jesus hoor.

Terwyl hulle nog die volk toegesprek het **die priesters en die hoofman van die tempel en die Sadduseërs** op hulle afgekom. Al drie hierdie groepe of persone is Leviëte – die stam uit Israel wat die Here afgesonder het om diens te doen by die tempel en altaar van die Here.

Die Sadduseërs was polities en wêrelds ingestel. Van die vroeë tye af – in die tyd van die Makkabeërs was hulle die groep wat ten gunste was van die nuwe idees van die Hellinisme af. In die tyd van die Nuwe Testament het hulle invloed al grootliks afgeneem maar hulle het nog 'n prominente rol in die Joodse Raad gespeel. Kajafas was 'n Sadduseër.

Polities het die Sadduseërs hulleself bemind gemaak by die Romeine en was hulle voorstanders van samewerking met die Romeine. Daarom het hulle die oënskynlik ondermynende leer van die apostels teengestaan. Teologies het hulle geglo dat die Messiaanse tyd gedurende die tyd van die Makkabeërs aangebreek het, daarom was hulle nie opsoek na 'n Messias nie. Hulle het baie van die leerstellings uit die Ou Testament nie geglo nie waaronder die opstanding uit die dood en die lewe na die dood. Daarom het hulle die apostels beskou as aanstigters wat die vrede versteur en as dwaalleraars wat die waarheid bestry.

Die hoofman van die tempel was inderwaarheid die hoof van die tempelwag of tempel polisie. Die tempelwag was verantwoordelik vir die wet en orde op die

tempelsterrein. Die hoofman van die tempel was in rang tweede in bevel – net onder die hoëpriester.

Die **opgewondenheid** wat geheers het onder die skare wat gesien het dat die kreupel man genees is en die samedromming rondom Petrus en Johannes sou beslis die aandag getrek het van hulle wat veronderstel is om wet en orde op die tempelsterrein te handhaaf. 'n Mens kan jou voorstel die gedruis wat die samedromming en nuuskierigheid sou veroorsaak het.

Hierdie mense wat op Petrus en Johannes afgekom het, was **oor twee dinge ontevrede**. Hulle was ontevrede omdat hulle die volk geleer het en hulle was ontevrede omdat hulle in Jesus die opstanding uit die dood verkondig het. Binne die orde wat by die tempel geheers het was die Levitiese priesters verantwoordelik vir die onderrig van die volk. Dit is nie enigiemand anders se voorreg om dit te doen nie. In hulle oë was Petrus en Johannes **ongemagtig** om die volk te leer en die apostels se leer was vir hulle 'n **dwaling**, aangesien die Sadduseërs nie in die opstanding uit die dood geglo het nie.

6. Wat sou die bedoeling van die arrestasie wees? (vers 3)
7. Watter opmerkbare verskil is daar tussen hierdie arrestasie en die arrestasie van Jesus? (vers 3)
8. Watter kontras tref die Heilige Gees met die woorde in vers 4 teenoor wat in die eerste drie verse gesê is?

Onder die dekmantel van handhawing van die orde in die tempel het die priesters, die hoofman van die tempel en die Sadduseërs op Petrus hulle afgekom. Die enigste oënskynlike wanorde was die man wat genees is se optrede. Hy het rondgeloop en gespring en God geprys. En die ander moontlike wanorde was die feit dat Petrus en Johannes die volk geleer het en hulle was nie deur die Joodse Raad gemagtig om onderrig te gee nie.

Maar dit is die laaste woorde in vers 2 wat die aandag trek. Die apostels het in die Naam van Jesus die opstanding uit die dood verkondig. Aangesien dit in die oë van die Sadduseërs 'n dwaling was, is die apostels gevange geneem. Dus sou 'n mens kon sê dat **die bedoeling** van die arrestasie was om die apostels die mond te snoer. Die Sadduseërs word dus die eerste teenstanders van die Christelike geloof.

Dit blyk dat die priesters, die hoofman van die tempel en die Sadduseërs met voorbedagte rade op Petrus en Johannes afgekom het. Sonder om daarvoor te dink of te praat word Petrus en Johannes gevange geneem en in die tronk gesit. Hier vind nie eers 'n verhoor plaas nie. In die teenstanders se oë is die optrede van Petrus en Johannes sommer van die staanspoor af genoeg van 'n misdaad om sonder verhoor in die gevangenis aangehou te word.

Dit wil dan voorkom asof hulle Petrus en Johannes se optrede beskou het as 'n bedreiging vir die openbare orde in die tempel. Gerieflikheidshalwe of as 'n verskoning van die Sadduseërs se kant af word Petrus en Johannes in die gevangenis gesit omdat dit al aand was. Tydens Jesus se verhoor het dit die Sadduseërs nie geskeel of dit al aand was nie. Hulle het Jesus in die aand gevange geneem by die tuin van Getsemane en reguit na die hoëpriester geneem waar die Joodse Raad vergader het om Jesus te verhoor. In Jesus se geval is **die algemene reëls van die Joodse Raad verontagsaam** sodat hulle so gou as moontlik van Jesus ontslae kan raak. In Petrus en Johannes se geval is daar by die reëls gehou aangesien die Joodse Raad steeds onder die indruk was dat Jesus vir goed uit die weggeruim was of omdat hulle gemeen het dat Petrus en Johannes nie so 'n groot bedreiging inhou as wat Jesus vir hulle ingehou het nie.

Die twee apostels van Jesus is met mag gevange geneem en in die tronk gesit, maar die Woord van die Here en die uitwerking daarvan kan nie ingeperk word om verdere uitwerking te keer nie. **Teenoor dit wat die mense aan die diensknegte van die Here doen, sê die Heilige Gees wat doen die Here.** Baie van die mense wat Petrus en Johannes aangehoor het, het geglo. Hulle het geglo dat Jesus werklik die Seun van God is wat moes ly en dat God Hom uit die dood opgewek het. Hulle

het geglo dat Jesus die kreupel man genees het sodat hy kan loop. Deur hierdie prediking van Petrus het die getal gelowiges verder aangegroei. Net die mans – die woord in die oorspronklike verwys net na die mans – wat al geglo het was omtrent vyf duisend in getal.

9. Wie is al die mense wat bymekaar gekom het? (vers 5)

10. Wie is die onderskeie groepe waaruit die Raad bestaan het? (vers 5)

Die volgende dag het die tempel wag die twee apostels voor die owerstes, ouderlinge, skrifgeleerdes gebring. Hierdie groep mense staan bekend as **die Raad** (Hand 4:15). Dit is die Sanhedrin. Hierdie Raad wat bestaan uit een en sewentig lede is die hoogste Joodse gesag wat oor geskille onder die Joodse volk moet besleg. In werklikheid was die Raad die hoogste godsdienstige sowel as politiese gesag onder die Jode. Hulle het steeds gefunksioneer asof Israel 'n teokratiese bestel het.

Die onderskeie groepe is die **owerstes, ouderlinge en skrifgeleerdes**. Altesaam was hulle sewentig en die hoëpriester was die voorsitter van die Raad. Die meerderheid van hierdie manne was die aristokratiese Sadduseërs en die res het uit die Fariseërs bestaan. Die kenners van die Joodse wet was die Fariseërs en hulle was nasionalisties. Die Sadduseërs aan die ander kant was ondersteuners van Rome en gretig om die vrede ter wille van Rome in Jerusalem te bewaar.

Die **owerstes** was priesters wat die vier en twintig priesterlike groepe verteenwoordig het. Die **ouderlinge** was die invloedryke familiehoofde. En die **skrifgeleerdes** het die volk in die wet onderrig. Die owerstes en ouderlinge was hoofsaaklik Sadduseërs terwyl die skrifgeleerdes Fariseërs was. Hierdie was die eerste van vier geleenthede wat die volgelingen van Jesus voor die Raad verskyn het. Die ander geleenthede was Petrus en die apostels (Hand 5:27), Stefanus (Hand 6:12) en Paulus (Hand 22:30).

Die Raad het bymekaar gekom om Petrus en Johannes te verhoor op die aanklag dat hulle die volk leer en dat hulle in Jesus die opstanding uit die dood verkondig. 'n Ruk tevore het hierdie selfde Raad Jesus ter dood veroordeel. Met hierdie magsvertoon probeer die Satan die verkondiging van Christus stuit.

11. Wie was eintlik die hoëpriester? (vers 6, vgl. Joh 18:13)

12. Wie is Johannes en Alexander? (vers 6)

Lukas noem Annas hier die hoëpriester, maar tegnies gesproke was hy nie in hierdie stadium die hoëpriester nie. Annas was gedurende 6 tot 15 nC die hoëpriester. Vanaf 18 nC was sy skoonseun **Kajafas** die hoëpriester. In hierdie stadium van Israel se geskiedenis het die Romeinse goewerneur die hoëpriester aangestel. Onder die Jode het Annas egter die status en titel as hoëpriester behou. Annas en Kajafas het 'n prominente rol gespeel in die verhoor en veroordeling van Jesus. Dit blyk dat Annas so 'n invloedryke rol gespeel het in die Joodse Raad dat Lukas hom dan die hoëpriester noem (Luk 3:2; Joh 18:13-24).

Daar is egter min sekerheid oor wie die **Johannes** en **Alexander** was. Johannes is waarskynlik 'n seun van Annas wat Kajafas in 36 nC as hoëpriester opgevolg het. Alexander word nêrens anders deur Lukas genoem nie.

Hoëpriesters in Israel 6-66 nC
Annas (6-15 nC) het groot invloed uitgeoefen op Kajafas gedurende Jesus se verhoor (Luk 3:2; Joh 18:13, 24) en hy het saam met Kajafas vir Petrus en Johannes verhoor (Hand 4:6)
Eleazar (16-17 nC) seun van Annas
Kajafas (18-36 nC) skoonseun van Annas was hoëpriester tydens Jesus se aardse bediening (Luk 3:2; Matt 26:3, 57; Joh 11:49-50) en die hoëpriester wat saam met Annas vir Petrus en Johannes verhoor het (Hand 4:6)
Jonatan (36-37 nC) seun van Annas, waarskynlik die Johannes in Handeling 4:6
Theofilus (37-41 nC) seun van Annas
Matthias (42 nC) seun van Annas
Ananias (47-59 nC) het Paulus in Jerusalem en Caesarea verhoor (Hand 23:1-10; 24:1-23)
Annas (61 nC) seun van Annas
Matthias (65-66 nC) seun van Theofilus en kleinseun van Annas

13. Waaroor het die Raad vir Petrus en Johannes uitgevra? (vers 7)

Lukas vermeld net een vraag wat in die verhoor aan Petrus en Johannes gevra is: **Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?** Alhoewel dit lyk asof daar twee dinge gevra word – watter mag en watter naam – word daar net een ding gevra. Die Raad wil weet onder wie se gesag het Petrus en Johannes gehandel. Die Raad is immers verantwoordelik oor die onderrig wat by die tempel gegee word. Aangesien hulle nie aan Petrus en Johannes toestemming gegee het nie vra hulle wie aan hulle die gesag gegee het om te doen wat hulle gedoen het.

Die wyse waarop die vraag geformuleer is, kan 'n mens aflei dat die Raad wil weet op wie se gesag hulle die volk geleer het en in die Naam van Jesus die opstanding uit die dood verkondig het. Net so kan daar uit die vraag afgelei word op wie se gesag Petrus en Johannes die kreupel man genees het. Uit die antwoord wat Petrus gee, is dit duidelik dat hy verstaan het hulle vra uit oor die wonder en nie oor die onderrig nie.

14. Hoekom word daar uitdruklik genoem dat Petrus vervul was met die Heilige Gees? (vers 8)

15. Wat kan 'n mens van Petrus se gesindheid teenoor die Raad aflei uit die wyse waarop hy hulle aanspreek? (vers 8)

Die Heilige Gees was in Petrus teenwoordig van die dag af dat Jesus die Heilige Gees op sy gelowiges uitgestort het. Lukas wil met die woorde in vers 8 nie sê dat Petrus die Heilige Gees opnuut ontvang het nie. Die vorm van die werkwoord *vervul* in die oorspronklike taal dui ook daarop dat dit 'n gebeurtenis is wat gebeur het en afgehandel is. Dit was dus nie 'n durende toestand nie. Met die woorde **vervul met die Heilige Gees** bedoel Lukas dat die Heilige Gees volle beheer van Petrus se woorde geneem het. Die Heilige Gees het aan Petrus die woorde gegee om te spreek. Petrus het dit nie self uitgedink nie.

Aan die een kant merk 'n mens hier steeds die gevolg op van die ontvangs van die

Heilige Gees soos wat Jesus dit aan sy apostels gesê het. Wanneer hulle die Gees ontvang het, sal hulle getuies van Jesus wees (Hand 1:8). Aan die ander kant merk 'n mens ook die vervulling van Jesus se belofte aan sy apostels op. Jesus het die apostels voor die tyd gewaarsku dat hulle gevange geneem sal word en voor gebring word om verhoor te word. Hulle moet egter nie bekommerd wees oor wat hulle moet sê wanneer hulle in geregshowe gebring word oor hulle geloof in Christus nie. Hulle het ook nie nodig om vooraf aan hulle verdediging te dink nie. Jesus sal self aan hulle die woorde en wysheid gee om te spreek in daardie omstandighede en hulle teenstanders sal nie hulle getuienis kan weerspreek of weerstaan nie (Luk 21:12-15).

Petrus het die Raad met die **nodige eerbied** aangespreek. Ooreenkomstig die vyfde gebod het hy hulle geëer vir hulle amp. Die Raad is immers nog 'n instelling van God om sy gesag onder die Joodse volk te bedien. Die feit dat Petrus geweet het dat hy en Johannes aan die kant van die waarheid staan, het nie gemaak dat hy die gesag wat die Raad beklee geminag het nie.

- | |
|---|
| <p>16. Hoekom begin Petrus in sy antwoord by die feit dat man genees is? (vers 9)</p> <p>17. Hoe het Petrus die vraag van die Raad verstaan? (vers 9)</p> <p>18. Wie moet almal weet hoe die kreupel man genees is? (vers 10)</p> <p>19. Watter drie dinge aangaande Jesus noem Petrus? (vers 10)</p> |
|---|

Petrus begin met die feit dat 'n kreupel man genees is, **want dit is immers die oorsaak** waarom hy en Johannes die volk in die tempel geleer het aangaande Jesus. Indien die hofsaak dan werklik gaan oor die feit dat hy en Johannes 'n weldaad aan 'n siek man bewys het en die weldaad daartoe gelei het dat die siek man gesond geword het, sal hy die feite oor die genesing van hierdie man aan die Raad bekend maak.

Petrus **verstaan** dus die vraag wat gevra is soos volg: Die Raad wil weet deur watter gesag en deur watter naam Petrus en Johannes die weldaad aan die siek man betoon het sodat hy nou gesond is.

Soos in die preek op Pinksterdag sê Petrus dat **almal wat teenwoordig is en die hele volk van Israel** hierdie feite moet hoor en begryp. En net soos met die verkondiging in die tempel sê Petrus ook nie hier dadelik hoe dit gekom het dat die kreupel man genees is nie. Hy verkondig eers Christus aan hulle. Of Petrus nou preek en of hy nou in 'n hofsaak is waar hy vrae moet beantwoord – daar is net een ding wat hy wil doen: Jesus Christus moet verkondig word. Dit word dus duidelik dat dit vir die apostels nie oor hulle eie verdediging gaan nie, maar oor die verkondiging van Jesus Christus wat redding gebring het.

Soos in die twee preke maak Petrus dit ook nou duidelik dat Jesus Christus die Nasarener wat deur die Jode **doodgemaak is**, deur God uit die dode **opgewek is**. Petrus voeg weer by dat Jesus die Nasarener is. Hy noem dus die persepsie wat die Jode en hulle leiers van Jesus gehad het. In hulle oë was Hy maar net 'n reisende leermeester uit die veragtelike dorpie Nasaret. Die Jode en die leiers wou nie erken dat Jesus die Seun van God is nie. Inteendeel, dit is juis op grond hiervan dat hulle gemeen het dat Hy veroordeel moet word, want in hulle oë het Hy Godslasterlik van Homself gepraat.

Petrus skroom ook nie voor die Joodse leiers om hulle as die skuldiges vir Jesus se dood aan te wys nie. Maar direk teenoor hulle misdaad verkondig hy wat God met Jesus gedoen het. Hy het Hom uit die dood opgewek. Nadat Petrus Jesus verkondig het, sê hy uitdruklik dat die kreupel man deur Jesus Christus **genees is** en nou gesond voor hulle staan. Met hierdie antwoord en getuienis het Petrus duidelik gesê dat hulle op gesag van Jesus Christus opgetree het dat die weldaad deur sy Naam – dit wil sê, deur Hom – plaasgevind het.

Dit is tog opmerklik dat die Joodse Raad – wat hoofsaaklik uit Sadduseërs bestaan het – nie tydens hierdie verhoor of enigsins later die opstanding van Jesus Christus ontken of bestry het nie.

20. Hoekom maak Petrus 'n verwysing na Psalm 118:22? (vers 11)

- | |
|--|
| 21. Hoe het hierdie verwysing betrekking op Jesus? (vers 11) |
| 22. Hoekom word daar na die leiers as bouers verwys? (vers 11) |
| 23. Wat word bedoel dat Jesus die hoeksteen is? (vers 11) |

Onder die beheer van die Heilige Gees maak Petrus 'n verwysing na Psalm 118:22. Petrus was vervul met die Heilige Gees en Hy is die Skrywer van die Woord van God. Hy wys vir Petrus hoe hierdie woorde in Psalm 118 betrekking het op Jesus Christus.

Na aanleiding van Psalm 118 maak Petrus dit duidelik dat Jesus Christus deur die bouers – dit is hierdie leiers – as steen afgekeur is. Die Joodse Raad het Jesus **verwerp as die Messias** op grond van hulle eie persepsie van Hom. Maar God wat besig is om vir Hom 'n gehoorsame volk – 'n kerk – te bou, het Hom wat deur hulle afgekeur is **as hoeksteen 'n ereplek gegee**. God het vir Jesus verhef tot die belangrikste plek van sy kerk.

Die leiers word bouers genoem omdat **God hulle aangestel** het om die volk te onderrig in die Woord van die Here. Die openbaring van die Here in die Ou Testament loop uit op die koms van die Seun van God as die Messias. Verskeie ander gelowiges het hierdie verwagting gekoester vanuit hulle ondersoek van die Skrifte – gelowiges soos Simeon en Anna (Luk 2:25-40). Maar in plaas daarvan dat die leiers die waarde van Jesus erken, verwerp hulle Hom as gevolg van hulle persepsie van Hom.

Jesus word as die **hoeksteen** geïdentifiseer omdat die hele gebou wat God oprig – die kerk – van Jesus Christus afhanklik is. Indien Hy nie gekom het om die verlossing te bring nie, kon daar nie vergifnis van sondes gegee word nie. Net gehoorsame mense kan deel uitmaak van die volk van God en hierdie gehoorsaamheid kry mense slegs deur geloof in Jesus Christus. Hierop gaan Petrus verder in in vers 12.

- | |
|-----------------------------------|
| 24. Hoe uniek is Jesus? (vers 12) |
|-----------------------------------|

In vers 12 verkondig Petrus die **uniekheid** van Jesus Christus. Vanuit die verwysing na Psalm 118:22 vervolg Petrus om daarop te wys dat daar hoegenaamd nie saligheid van enigiemand anders behalwe van Jesus verwag kan word nie. Die saligheid is in niemand anders nie. Jesus Christus is dus die enigste Saligmaker – net Hy kan mense verlos uit hulle ellende uit. Hy het dit met hierdie kreupel man gedoen wat vir meer as veertig jaar nie kon loop nie.

Petrus gee ook die rede waarom Jesus Christus die enigste Saligmaker is. Daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur hulle gered moet word nie. Uit die wyse waarop Petrus die rede stel is dit duidelik dat iemand die naam gegee het. Hierdie Naam is deur God aan mense openbaar. Hier onthou Petrus waarskynlik wat op die berg van verheerliking gebeur het toe God gesê het dat Jesus sy Seun is. Hy onthou waarskynlik ook sy eie en die ander apostels se belydenis toe Jesus gevra het wie hulle sê dat die Seun van die mens is. God het net die Naam van sy Seun geopenbaar as die enigste een deur wie mense verlos kan word.

1.2 Samevatting

Die eerste aanslag teen die kerk van die Here Jesus het gekom van die volksgenote en in besonder van die geloofsleiers van die volk. Petrus en Johannes het eenvoudig gedoen waartoe die Here hulle beveel het. Die Joodse Raad beskou die optrede van Petrus en Johannes as teen die goeie orde wat in die tempel gehandhaaf moet word.

Onder die beheer van die Heilige Gees het Petrus en Johannes die vraag in die verhoor geantwoord. Hulle antwoord verskil egter geensins van die verkondiging wat deur die apostels by die vorige twee geleenthede gedoen is nie. Die apostels is ten volle bewus dat hulle voor die einste Raad tereg staan wat Jesus Christus veroordeel het. In hulle antwoord laat die eenvoudige vissermanne dit eerder klink asof die Raad in die beskuldigde bank is as hulle.

2. Handeling 4:13-22 – Die Joodse Raad se reaksie

13 En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken. 14 En omdat hulle die man wat genees was, by hulle sien staan, kon hulle niks daarteen sê nie. 15 Hulle het hul toe gelas om buitekant die Raad te gaan, en met mekaar beraadslaag 16 en gesê: Wat moet ons met hierdie manne doen? Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie. 17 Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie.

18 En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. 19 Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; 20 want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.

21 En nadat hulle nog dreigemente bygevoeg het, aangesien hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie, het hulle ter wille van die volk hulle losgelaat, want almal het God verheerlik oor wat gebeur het. 22 Want die man aan wie hierdie teken van genesing plaasgevind het, was meer as veertig jaar oud.

2.1 Vrae by Handeling 4:13-22

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Wat het die Joodse Raad aangaande Petrus en Johannes opgemerk? (vers 13)2. Hoe het die Raad heel eerste gereageer? (vers 13)3. Waarom kon hulle niks sê teen die woorde van Petrus? (vers 14) |
|--|

Die eerste wat die Joodse Raad aangaande Petrus en Johannes **opgemerk** het, was die vrymoedigheid waarmee hulle die Raad te woord gestaan het. Daar was by die apostels geen huiwering of vrees te bemerk nie. Met groot vrymoedigheid en oortuiging het die apostels gesê hoe dit gekom het dat die kreupel man genees is – Jesus Christus het dit gedoen.

Die Joodse Raad was **verwonderd** oor die vrymoedigheid van die apostels, aangesien hulle verstaan het dat Petrus en Johannes ongeleerde en eenvoudige manne was. Petrus en Johannes het nie onderrig van 'n rabbi ondergaan nie. Tog het Petrus met gesag vanuit die Skrif aangetoon wie Jesus Christus werklik is. Hy is die enigste en volmaakte Verlosser. Die Raad was nie verwonderd oor die feit dat Petrus vir Jesus as die Verlosser aantoon nie, maar oor die wyse waarop hy uit die Skrifte aanhaal terwyl hy geen onderrig by die tempel ontvang het nie. Petrus en Johannes is ook herken as metgeselle van Jesus.

Die Joodse Raad kon niks teen Petrus se oortuiging dat Jesus Christus die man genees het sê nie, **want** die kreupel man het gesond by Petrus en Johannes gestaan. Die genesing van die man kon op geen manier deur die Raad betwis word nie.

Daar is nie sekerheid of iemand tydens die verhoor Petrus herken het as die een van Jesus se dissipels wat Hom tydens sy verhoor deur die hoëpriester verloën het nie. Maar vir diegene wat nou lees hoe Petrus met vrymoedigheid en oortuiging van Jesus Christus getuig, is dit opmerklik hoe daar in Petrus verandering gekom het. Hierdie verandering is egter nie aan Petrus alleen toe te skryf nie. Die Heilige Gees het Petrus met die woorde van Jesus tot bekering gelei (Joh 21:15-19). Hier by die verhoor het Lukas duidelik gemeld dat Petrus vervul was met die Heilige Gees. Hierdie vrymoedigheid en oortuiging waarmee die apostels opgetree het, moet dus voluit aan God die Heilige Gees toegeskryf word. Hy het hulle vrymoedigheid en wysheid geskenk om voor die Raad te getuig van Jesus Christus.

4. Waarom het die Raad vir Petrus en Johannes uitgestuur? (vers 15)
5. Hoe sou Lukas te wete gekom het wat die Raad met mekaar bespreek het? (vers 15-17)
6. Wat kan 'n mens uit die vraag van die Raad vir mekaar aflei? (vers 16)
7. Waarom het die Raad nie geweet wat om met Petrus en Johannes te doen nie? (vers 16)
8. Wat was die vrug van hulle beraadslaging? (vers 17)

Al die geleerde manne in die Joodse Raad was in 'n **verleentheid** oor die vrymoedigheid en wysheid waarmee Petrus en Johannes die vraag geantwoord het. Hulle was letterlik stomgeslaan oor die woorde wat hulle gehoor het. En om hulleself nie nog verder voor die apostels – wat maar ongeleerde en eenvoudige manne is – te verneder nie, het hulle vir Petrus en Johannes uitgestuur om met mekaar te beraadslaag.

Die Raad het agter geslote deure met mekaar beraadslaag. Dit het die vraag by kritici laat ontstaan oor **hoe Lukas kon skryf wat daar gesê is**. Josef van Arimathea was 'n lid van die Joodse Raad (Luk 23:50) en 'n volgeling van Jesus (Matt 27:57). Na alle waarskynlikheid het hy of Nikodemus dit aan een van die gemeente in Jerusalem vertel wat dit later aan Lukas vertel het. Later het daar ook 'n groot aantal priesters gehoorsaam geword aan die geloof (Hand 6:7). Een van hulle kon die beraadslaging aan Lukas oorvertel het.

Oor hoe Lukas te wete gekom het wat deur die Raad bespreek is, hoef daar eintlik geen kommer te wees nie. Lukas sou dit nie uit sy duim gesuig het nie. Daarvoor het die Heilige Gees self gesorg. Hy het die Woord van die Here betroubaar aan Lukas geopenbaar.

Uit die vraag wat die Raad vir mekaar gevra het, is dit duidelik dat hulle eintlik **radeloos** was. Hulle het regtig nie geweet hoe om hierdie situasie te hanteer nie. Dit is tog vir almal in Jerusalem duidelik dat daar 'n **teken** deur Petrus en Johannes plaasgevind het. Die Jode wou altyd tekens hê sodat hulle kan glo. Hulle het Jesus hoeveel keer lastig geval met die versoek om 'n teken. Nou dat Jesus wel vir hulle 'n teken gee, verhard hulle hulleself net verder in plaas daarvan om hulle tot die Here wat die teken gedoen het te bekeer.

Die enigste **slotsom** waartoe die Raad kon kom, was om die apostels te dreig om nie meer in die Naam met enige mens te praat nie. Dit was die ergste wat hulle tans aan die apostels kon doen – hulle dreig en verbied om in die Naam van Jesus te

praat. Die teken wat plaasgevind het, het hulle verhoed om enige ander straf oor die apostels uit te roep.

Met hierdie dreigemente het hulle aan die een kant probeer om hulle koninkryk te beskerm. Die Raad het besef dat die volk ingenome is met die verkondiging wat hulle van Petrus en Johannes gehoor het. Die Raad was bevrees dat die tempel van sy aanbidders en bydraers beroof sal word. Aan die ander kant was die Raad ook bevrees dat hulle met 'n erger straf as dreigemente die volk in opstand teen hulle sal laat kom. Dit sou die Sadduseërs ten alle koste wou verhoed, want hulle welvaart was afhanklik van die goeie orde onder die Romeinse regering.

9. Wat was die bevel wat die Raad aan die apostels gegee het? (vers 18)
10. Wat is die apostels se reaksie op die bevel? (vers 19)
11. Watter rede voer die apostels aan vir hierdie reaksie? (vers 20)
12. Gee hierdie reaksie van die apostels aan Christene die reg om die gesag van die owerheid te minag? (vers 19-20)

Die slotsom waartoe die Raad gekom, het ook hulle bevel aan die apostels geword. Die apostels word **verbied** om geheel en al nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. Die apostels word nie net verbied om ander mense in die Naam van Jesus te leer nie. Hulle word selfs verbied om enigsins in die Naam van Jesus 'n gesprek te voer. Dus wil die Raad met hierdie bevel die apostels nie net verhoed om verder vir enigiemand wat nog nie in Christus glo te vertel van Jesus nie. Hulle wil selfs enige geloofsgesprek onder enige van die volgelinge van Jesus verhoed.

In die bevel van die Raad het die apostels dadelik opgemerk **dat die Raad hulleself meer gesag as God toe-eien**. Daarom het die apostels die Raad se bevel nie sommer geïgnoreer nie. Hulle het die Raad voor die keuse gestel met dit wat hulle so pas aan die apostels gesê het. Die Raad moet self oordeel – hulle is tog die manne wat die Woord van God behoort te ken – of dit in God se oë reg is dat die apostels eerder na die Raad moet luister as na God.

Onder die beheer van die Heilige Gees het Petrus en Johannes geen vrees vir die

Raad gehad nie, alhoewel hulle duidelik geweet het dat hierdie Raad 'n klompie weke gelede vir Jesus veroordeel het en dit reg gekry het dat Hy die doodstraf moes kry. Petrus en Johannes het selfs hulle eie lewe van minder belang geag as die bevel van die Here.

In hulle reaksie laat die apostels dit nogeens duidelik blyk dat Jesus inderdaad self ook God is. Dit is vir Hom na wie hulle eerder moet luister as na die Raad. Dit word in die rede wat die apostels aanvoer nog duideliker.

Die apostels se **rede** waarom hulle nie gehoor kan gee aan die bevel van die Raad nie is omdat dit vir hulle onmoontlik is om nie te praat oor wat hulle gesien en gehoor het nie. Die apostels is getuies van al Jesus se woorde en werke. Deur hierdie woorde en werke het die Heilige Gees hulle tot die oortuiging gebring dat Jesus werklik die Messias is. Hierdie oortuiging is verder bevestig deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus. Jesus is werklik die Christus en die Here – Hy is God. Daarom moet die apostels sy bevel om te getuig van Hom eerder gehoorsaam (Hand 1:8; Matt 28:19-20) as wat hulle die Raad se verbod moet gehoorsaam.

Die apostels het die gesag van die Raad as 'n Joodse owerheid **verwerp slegs** omdat dit teen die Here se duidelike bevel ingegaan het. In die algemeen is die Here se opdrag duidelik vanuit die vyfde gebod dat almal wat deur die Here oor 'n mens aangestel is, gehoorsaam moet word. Die Here wil sy mense immers deur die mense regeer wat Hy oor hulle aangestel het, aangesien die owerheid ook in diens van die Here staan (Rom 13:1-7; 1 Pet 2:13-17).

13. Hoekom het die Raad die apostels vrygelaat? (vers 21)

14. Waarom kon die Raad die apostels nie straf nie? (vers 21)

15. Hoekom sou die ouderdom van die man wat genees is genoem word? (vers 22)

Lukas skryf dat die Raad die apostels **ter wille van die volk** vrygelaat het. In hulle eie beraadslagings oor wat om met die apostels te doen het die Raad reeds opgemerk dat die genesing van die man 'n kenlike teken is wat duidelik is vir al die

inwoners van Jerusalem. Baie van die wat in die Raad is en die apostels gevange geneem het die vorige dag die groot skare mense rondom die apostels gesien saam met die man wat genees is.

Die rede waarom die Raad die apostels ter wille van die volk vrygelaat het, was omdat almal God geprys het oor wat met die man gebeur het. Die volk het geweet dat die wonder wat met hierdie man gebeur het die werk van God is. Petrus het dit in sy verkondiging aan hulle ook so bekend gemaak. Petrus het ook so pas in die Raad bekend gemaak dat Jesus Christus hierdie man genees het. Maar die Raad steur hulle meer aan die opinie van die volk as wat hulle hulle steur aan die duidelike Woord van die Here. Hulle doen presies wat hulle die apostels beveel het om te doen – om 'n mens se woord bo die bevel van die Here te stel.

In hierdie optrede van die Raad merk 'n mens op dat die Raad in presies dieselfde spore trap as wat Pilatus met Jesus gedoen het. Omdat Pilatus bang was vir onrus in Jerusalem as hy nie aan die volk se versoek toegee om Jesus te kruisig nie, het hy die kruisiging tog toegelaat. Omdat die Raad besorg is oor die vrede in Jerusalem en nie die woede van Rome vir hulleself op die hals wil haal nie, het hulle die apostels vrygelaat ter wille van die volk.

Die apostels het **niks verkeerd gedoen nie**. Die ergste wat hulle kon doen was om die apostels net verder te dreig om nie meer in die Naam van Jesus met enigiemand te spreek of te leer nie.

Lukas meld duidelik dat die man aan wie die teken plaasgevind het ouer as veertig jaar was. Die feit dat die man se **ouderdom** genoem word, beklemtoon die betekenis van hierdie teken wat plaasgevind het. Hierdie was duidelik God se handewerk.

2.2 Samevatting

Die feit dat Petrus en Johannes ongeleerd – dit wil sê, nie onderrig in Jerusalem by 'n rabbi ontvang het nie – en dat hulle gewone mense was, was nie so erg nie. Dit was die feit dat hulle erken is as metgeselle van Jesus wat veroorsaak het dat die

Raad strenger wou optree. Hulle wil steeds van Jesus ontslae raak soos 'n paar maande gelede. Maar hier staan volgelinge van Hom en verkondig van sy werk wat Hy steeds doen en die bewys van sy werk staan langs die apostels – die kreupel man wat genees is.

Die Raad se onmag word beklemtoon. Hulle kan geen rede vind om die apostels erger te straf as om hulle dreig en te beveel om nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. Die Raad se onmag word verder beklemtoon deurdat dit duidelik word dat hulle die opinie van mense hoër aanslaan as die duidelik Woord van God. Selfs nie eers die bewys van die man wat genees is het hulle oë oopgemaak nie. Hier is net nog 'n bewys dat dit nie tekens is wat mense tot oortuiging van die waarheid van God se Woord bring nie maar die Heilige Gees alleen met die Woord. Dieselfde verkondiging wat die skare gehoor het en waarvan twee duisend tot geloof gekom het, is ook in die Raad verkondig.

3. Handeling 4:23-31 – Die kerk se reaksie

23 En nadat hulle losgelaat was, het hulle na hul eie mense gegaan en alles vertel wat die owerpriesters en die ouderlinge aan hulle gesê het. 24 En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, 25 wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? 26 Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. 27 Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, 28 om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind. 29 En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, 30 deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind. 31 En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

3.1 Vrae by Handeling 4:23-31

1. Waarom het Petrus en Johannes alles aan hulle eie mense gaan vertel? (vers 23)
2. Hoe reageer die gelowiges op hierdie nuus? (vers 24)
3. Hoe roep hulle God aan in die gebed? (vers 24)
4. Waarom roep hulle God aan as die Skepper? (vers 24)

Nadat die Raad vir Petrus en Johannes vrygelaat het, het hulle nie iewers gaan wegkruip of eers stilgebly oor die dreigemente van die Raad nie. Hulle is dadelik na die ander gelowiges toe **om hulle te vertel** wat gebeur het.

Dit sou nie vir Petrus en Johannes nodig wees om te vertel van die genesing van die kreupel man nie, want die wonderwerk het soos 'n veldbrand deur Jerusalem versprei. Hulle sou ook nie nodig gehad het om oor die gevangening te vertel nie, want baie van die wat vir Petrus en Johannes in die tempel gehoor het, het tot geloof gekom in Jesus en het gesien toe die apostels gevange geneem is. Hierdie nuwe gelowiges sou aan die ander vertel het van die apostels se in hegtenis neming. Petrus en Johannes sou eerder vertel het hoe Petrus dit onder leiding van die Heilige Gees kon regkry om Jesus Christus aan die Joodse Raad te verkondig. Miskien sou hulle ook kon vertel dat die Raad nie eers gepoog het om die opstanding van Jesus te betwis nie. Die Raad wou alleenlik weet op wie se gesag die apostels die wonder gedoen het en Petrus het dit duidelik aan die Raad verkondig.

Maar die belangrikste wat hulle aan die ander gelowiges vertel het, is die dreigemente van die Raad dat die gelowiges glad nie meer in die Naam van Jesus mag spreek en leer nie. Al die gelowiges moet weet watter verset daar van die owerheid se kant is teen hulle gehoorsaamheid aan Jesus. Dit het hulle nie gedoen om mekaar te waarsku om eerder stil te bly nie, maar om mekaar voor te berei op wat moontlik in die toekoms kan gebeur. Hulle vertel dit sodat hulle nie onkant gevang word wanneer daar lyding vir die Naam van Jesus sou kom nie. Maar

belangrikste is dat hulle nie onder mekaar begin planne beraam hoe hulle die owerheid gaan uitoorlê nie, maar dat almal saam in gebed na die Here toe gaan.

Die Heilige Gees het die gelowiges met hierdie nuus van Petrus en Johannes tot **gebed** gelei. Al die gelowiges daar bymekaar was, het eendragtig tot God gebed oor die dreigement van die Joodse Raad.

By al die gelowiges was daar geen twyfel oor wat hulle moet doen nie. Hulle het nie onder mekaar geredekawel nie. Eendragtig het hulle tot God gebed. En dit was ook nie dat elkeen van hulle sy eie gebed tot die Here bid nie. Die woord *stem* is in die enkelvoud en dit dui eerder daarop dat een voorgegaan het in gebed en almal het eendragtig in hulle harte en gedagtes saam gebed.

Die Naam waarmee die gelowiges God aangeroep het in gebed word vertaal met *Here*. Maar hierdie is nie die Naam *Kurios* wat dikwels in die Nuwe Testament gebruik word nie. Hier gebruik die gelowiges die Naam **Despotes** waarvan ons Afrikaanse woord *despoot* vandaan kom. Hierdie Naam is dikwels deur die slaaf gebruik vir sy eienaar. Sy eienaar het alle mag oor hom en die eienaar se woord is wet. Daar kan niks teen sy woord of werk iets gesê word nie.

Met hierdie Naam herinner die gelowiges hulleself aan wie die Here regtig is tot wie hulle bid. Sy Woord is wet vir hulle. Hy het aan hulle die opdrag gegee om getuies van Jesus te wees en daar mag nie teen hierdie bevel enige verset kom nie – nie van hulle kant af nie.

Maar dit is nie net hulle wat in verset kan kom teen die Here se bevel nie. Daar is ander mense – die Joodse Raad – wat reeds in verset is teen die bevel van Jesus. Wanneer hulle God dan aanroep as die Skepper van hemel en aarde herinner hulle hulleself ook aan die almag van die Here. Die Here het volle mag oor hulle as gelowiges, daarom moet hulle voortgaan om sy bevel uit te voer ondanks die teenkating waarvan hulle nou gehoor het. Maar die Here het ook volmag oor sy eie Woord. Die Here het immers net gespreek en wat Hy gespreek het het in sy skepping tot stand gekom. Daarom is die gelowiges ook oortuig dat die Here met

hierdie bevel van Jesus dieselfde sal doen. Hy het gesê dat die gelowiges sy getuies sal wees en dit sal beslis so gebeur, want God is almagtig. Die gelowiges het God dus as Skepper aangespreek **om hulleself te herinner** wie die God is tot wie hulle in gebed roep.

5. Wat is opmerklik aan die gebed van die gelowiges? (vers 25-28)
6. Wat kan 'n mens aflei uit die gebed aangaande die bose dinge wat in hierdie wêreld gebeur? (vers 28)
7. Watter troos kan die gelowiges uit hierdie gebed ontvang? (vers 28)

Onder leiding van die Heilige Gees het dit vir die gelowiges nou al praktyk geword om die gebeure van tans te beskou in die lig van die Skrif. Van die eerste hoofstuk in Handeling sien 'n mens raak hoe die Heilige Gees die kerk lei om die Skrif te ondersoek sodat hulle die omstandighede waarin hulle verkeer te verstaan. Al die vorige kere was dit in die verkondiging dat die apostels vanuit die Skrif die gebeure van tans belig. Hierdie is die eerste gebed wat ons in Handeling lees en selfs die gebed word **vanuit die Skrif en in die lig van die Skrif gebid**.

In vers 25 en 26 haal die gelowiges die eerste twee verse van Psalm 2 aan. Daar is by die gelowiges geen twyfel dat die Skrif uit die mond van die almagtige God en Skepper gekom het nie. Hulle sê duidelik dat die Here deur die mond van sy dienskneg Dawid die woorde van Psalm 2 gespreek het.

Wat in die eerste twee verse van Psalm 2 geskryf staan, het in hulle tyd tot vervulling al begin kom. Herodes is onder andere die koning en Pilatus die owerste, die nasies is die heidene en die volke is die volk van Israel wat gewoed het en nietige planne teen die Here en sy Gesalfde beplan het. En die Gesalfde van Psalm 2 is niemand anders nie as die heilige Kneg Jesus van God. Met hierdie woorde vat die gelowiges in die gebed alles saam wat met Jesus gebeur het – sy gevangening, verhoor, veroordeling en kruisiging.

Al die dinge wat met die heilige Kneg van die Here – met Jesus – gebeur het, is vooraf deur die Here bekend gemaak. **Dit is alles deur die hand en raad van God vooraf bepaal.** Dus gebeur die bouse dinge nie sommer lukraak in hierdie wêreld nie. God het in sy alwysheid en alwetenheid die bouse optrede van nasies, volke, konings en owerstes in sy volmaakte raadsplan opgeneem. Watter bouse plan ook al teen die Here, sy Gesalfde of sy kerk beplan en uitgevoer word, is dus nooit buite die wil en raad van God nie. Dit is wel teen sy wil maar nie buite sy wil nie.

Daarmee word die sonde van die nasies, volke, konings en owerstes nie aan die Here toegeskryf nie. Hulle is uit hulleself uit sondig en verkeerd van sin. Wat hulle teen Jesus beplan en gedoen het, was eie aan hulle sondige geaardheid. Maar hulle planne en optrede staan nie geheel en al los van die Here nie. Hy gebruik in sy wysheid juis hulle planne en optrede en terselfdertyd staan hulle voor die Here verantwoordelik oor hulle planne en optrede soos wat uit die verkondiging van Petrus by drie geleenthede nou al geblyk het.

Die **troos** vir die gelowige is om te weet dat niks – nie eers die verskriklike boosheid van mense en die duiwel – kom sommer onverwags op die Here en sy kerk af nie. Die Here het dit vooraf aangekondig. Maar meer nog, die gelowiges weet ook dat die kwade wat hulle tref vanuit die Vader se hand oor hulle kom.

Dit is vanuit hierdie lig van die Skrif en in die atmosfeer vanuit hulle eie verootmoediging voor die Here in die gebed dat die gelowiges in Jerusalem ook die omstandighede waarin hulle tans verkeer met die dreigement van die Raad beskou. Getroos dat hierdie dreigemente van die Raad ook deel is van die nietige planne wat die nasies en die volke teen die Here en sy Gesalfde beraam. Terselfdertyd weet die gelowiges – vanuit dit wat God met sy heilige Kneg Jesus gedoen het – dat hierdie planne nie tot vernietiging van die Here se werk en die opdrag wat Hy aan die gelowiges gegee het sal lei nie. Die Here sal selfs hierdie omstandighede gebruik om sy wil ten volle uit te voer.

8. Watter versoeke het hulle tot die Here in die gebed gerig? (vers 29)

9. Waarom sou hulle vra dat die Here op die dreigemente moet let? (vers 29)

10. Waarom vra hulle om met vrymoedigheid te verkondig? (vers 29)

Die gelowiges het in hulle gebed net **twee versoeke** tot die Here gerig. Hulle het gevra dat die Here op die dreigemente van die Raad moet let. En hulle het gevra dat Here aan hulle as sy slawe vrymoedigheid sal gee om sy Woord te verkondig. Die grootste gedeelte van die gebed is gewy aan die verheerliking van die Here self.

Met hulle versoek dat die Here op die **dreigemente** moet let, is dit duidelik dat hulle nie vra dat die Here die dreigemente moet wegneem of dat Hy diegene wat die dreigemente maak moet straf nie. Dit is eerder 'n versoek dat die Here die gelowiges moet versterk, sodat hulle nie weens die dreigemente moet verswak in hulle getuienis van Jesus nie.

Dit is gewoonlik die mens se probleem dat hy die teenkanting wat hy in hierdie lewe beleef, gebruik as 'n verskoning om nie verder aan die Here se bevel gehoorsaam te bly nie. Die gelowiges weet dat hulle in hulleself so swak is dat hulle ook kan swig voor hierdie versoeking. Daarom vra hulle dat die Here hulle moet versterk, sodat hulle hierdie versoeking kan weerstaan en oorwin.

Met hulle versoek dat die Here aan hulle **vrymoedigheid** gee, weet hulle dat hulle nie aanspraak het op enige vrymoedigheid nie. Wat Petrus en Johannes in die tempel en voor die Raad gedoen het deur Jesus daar met soveel vrymoedigheid te verkondig, was maar alleen die genade van die Here. Gelowiges moet elke dag opnuut smeek om die genade van die Here. Hy gee sy genade aan hulle wat sonder ophou met versugtinge daarvoor smeek en dank.

Die gelowiges vra inderwaarheid dat die Here hulle so sal lei en toerus dat hulle kan voortgaan om die opdrag van Jesus uit te voer. En in die uitvoering van die opdrag weet hulle dat daar nog meer teenkanting gaan kom, want hulle vra om juis te doen wat die Raad hulle verbied het om te doen.

11. Wat bedoel die gelowiges met die woorde *deurdat U u hand uitstrek tot genesing?* (vers 30)
12. Waarom vra hulle dat daar nog wonders en tekens deur Jesus plaasvind? (vers 30)

Die gelowiges weet dat dit nie hulle is wat mense tot geloof in Jesus bring nie, hulle roep maar net tot Jesus terwyl hulle van Hom getuig. Dit is die Here self wat mense tot geloof bring. Met die woord **genesing** bedoel hulle dan nie net genesing soos wat met hierdie kreupel man gebeur het nie, maar ook die herstel in die verhouding van mense met God. Hulle vra dus inderwaarheid dat die Here nog meer mense tot geloof in Jesus Christus sal bring, want dit is die ware genesing vir 'n wêreld wat in ellende gedompel lê.

Let op dat hulle nie vra om self nog wonders te doen of selfs om weer instrumente te wees in die wonders nie. Hulle vra dat die Here Jesus sal voortgaan om sy wonders en tekens te gee as 'n **bevestiging** van die woorde wat hulle aangaande Jesus verkondig. Hoogmoed lê maar altyd baie vlak in elke mens. Daarom is die gevaar altyd daar dat 'n gelowige ook in homself kan begin roem oor die wonders wat die Here deur hom laat plaasvind het. In plaas daarvan om te roem dat jy 'n instrument van die Here was, roem eerder in die krag van die Here.

13. Hoe het God die gebed van die gelowiges verhoor? (vers 31)

Daar het drie dinge gebeur wat daarop dui dat die Here dadelik hierdie gebed van die gelowiges beantwoord het. Die plek waar hulle saam vergader was, **het geskud**. Hoe 'n mens die geskud moet verstaan, is nie heeltemal duidelik nie. Dit herinner egter aan die berg Sinai wat vreeslik gebewe het toe God in sy heilige Majesteit op die berg gedaal het. Hoe die plek geskud is, is nie van belang nie. Maar die geskud van die plek is 'n duidelik teken van God se heilige teenwoordigheid.

In die tweede plek is al die gelowiges met **die Heilige Gees vervul**. Soos wat dit met Petrus gebeur het toe hy en Johannes voor die Joodse Raad gebring is, gebeur dit ook nou met al die gelowiges wat daar bymekaar is. Die Heilige Gees wat reeds in die gelowiges teenwoordig is, het volle beheer van hulle oorgeneem. Hy skenk aan hulle die woorde en die vrymoedigheid om die woorde te spreek.

Dit is dan ook die derde ding wat gebeur en waarvoor die gelowiges spesifiek in die gebed gevra het. Hulle het die woord van God **met vrymoedigheid** gespreek. Hulle het geensins teruggedeins oor die dreigement van die Raad nie. Onder die beheer van die Heilige Gees het hulle Jesus se opdrag met oorgawe uitgevoer.

3.2 Samevatting

Die dreigemente wat die Joodse Raad teenoor die apostels gespreek het, was werklik. Hulle het tydens die verhoor van Jesus gesien en gehoor hoe erg die Raad kan wees – hulle kan selfs die doodstraf aanvra. Maar die Raad bly steeds mense. En alhoewel hulle in 'n posisie van gesag is, weet die apostels en al die gelowiges dat daar 'n gesag bokant die Raad is – God self en Hy laat nie toe dat Hy teëgespreek word nie.

Daarom wend die gelowiges hulle dan ook tot God in gebed. In die eerste deel van hulle gebed rig hulle hulle gedagtes ten volle op die Here self. Hulle roep Hom aan as die Skepper, die Openbaarder en die Regeerder. Daarna kom hulle eers by hulle versoek in die gebed. Hulle versoek dat God sal let op die dreigemente, dat Hy aan hulle vrymoedigheid sal gee om sy woord te spreek en om sy woord met tekens en wonders te bevestig.

Die Here antwoord die gebed dan ook dadelik. Die gebou skud, hulle word vervul met die Heilige Gees en hulle spreek die woord van God met vrymoedigheid.

4. Handeling 4:32-37 – Die uitwerking van die geloof onder die gelowiges

32 En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. 33 En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. 34 Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. 35 En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het.

36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was – wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting – ’n Leviet, van geboorte uit Ciprus, 37 het ’n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

4.1 Vrae by Handeling 4:32-37

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Watter twee uitwerkings het die geloof op die gelowiges gehad? (vers 32) 2. Wat was die uitwerking van die Gees op die apostels? (vers 33) 3. Waarom was die genade groot oor almal? (vers 33) 4. Waarom was niemand onder die gelowiges behoeftig nie? (vers 34) 5. Wie het aanvanklik die uitdeel van die gawes behartig? (vers 34, 35) |
|--|

Die Heilige Gees se werking onder die gelowiges gesamentlik en in die gelowiges afsonderlik het veroorsaak dat hulle geloof in Jesus Christus op twee maniere sigbaar geword het. Aan die een kant was hulle **een van hart en siel**. Almal van hulle het hulle deur die Heilige Gees laat beheers. Daarom het hulle net een doel voor oë gehad en dit was om God te verheerlik deur die Woord wat hulle gehoor het onder mekaar te lewe. Hulle het God ook verheerlik deur die Woord uit te dra aan ander.

Aan die ander kant het die geloof in Jesus Christus ook veroorsaak dat hulle nie kon toesien dat een van hulle medegelowiges swaarkry nie. Daarom het hulle **alles gemeenskaplik besit**. In verband het hierdie gemeenskaplike besit vergelyk ook die verklaring by Handeling 2:44-45 (p. 87-89). Dit is duidelik dat mense vir die

gelowiges van meer waarde was as besittings. In plaas daarvan dat iemand met 'n oormaat van besittings sit terwyl daar ander gelowiges is wat baie swaarkry, het hulle eerder hulle besittings met mekaar gedeel.

Daar moet weer opgemerk word dat hierdie nie 'n vroeë stadium van sogenaamde kommunisme is nie. Daar is 'n groot verskil tussen kommunisme en dit wat hier in Jerusalem aan die gebeur was. Kommunisme gaan uit van die standpunt: Wat joune is, is myne – daarom sal ek dit van jou afneem. In Jerusalem het die gelowiges uitgegaan van die standpunt: Wat myne is, is joune – daarom sal ek dit met jou deel.

Die hernude vervulling met die Heilige Gees (Hand 4:31) het die apostels nog meer vrymoedigheid gegee **om met groot krag van die opstanding van die Here Jesus te getuig**. Wat Petrus en Johannes voor die Raad getuig het, het hulle dan ook daadwerklik gedoen. Daar was nie 'n manier dat hulle kon stilbly oor wat hulle gesien en gehoor het nie. En daarby is dit die Here Jesus aan wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort wat hulle beveel het om van Hom te getuig.

Let ook op wat was die inhoud en kern van die apostels se verkondiging – die opstanding van die Here Jesus. Dit is alleen omdat Jesus Christus opgestaan het uit die dood dat hierdie wonderwerk van 'n radikaal nuwe gemeenskap tot stand kon kom. In die gelowiges het daar 'n nuwe lewe posgevat. Die wonders en tekens wat deur die apostels plaasgevind het (Hand 2:43) kan alleenlik verklaar word omdat Jesus Christus lewe. Dit is immers Hy wat steeds vanuit die hemel hierdie wonders en tekens verrig. En daarby is die opstanding van die Here Jesus juis die bewys dat Hy werklik Here en Christus is (Hand 2:36).

Die genade was groot oor die gelowiges omdat hulle die lewende Woord van die Here so kragtig kon gehoor het. Hierdie Woord het hulle lewens radikaal verander sodat hulle mense belangriker geag het as besittings. Hierdie Woord het gemaak dat hulle ook nie kon stilbly oor wat hulle gehoor en gesien het nie. En die genade

wat hulle beleef het was tasbaar vir al die gelowiges gesamentlik, want niemand onder hulle het enige gebrek gely nie.

Niemand van die gelowiges was behoefdig nie omdat diegene wat grond of huis besit het dit verkoop het en die geld na die apostels gebring om uit te deel aan elkeen wat nood het. Dit blyk uit die werkwoordvorm dat dit nie iets is wat deurentyd gebeur het nie maar van tyd tot tyd soos wat die behoeftes duidelik geword het.

Uit die wyse waarop Lukas dit skryf, blyk dit dat daar nie eers gewag is om gevra te word vir hulp nie. Sodra die nood opgemerk is, het die mense wat grond of huis besit het dit verkoop en die volle som van die verkoping na die apostels gebring. Die feit dat daar blykbaar nie gevra is wys daarop dat die gelowiges werklik heg met mekaar saamgeleef het en dus van die nood van medegelowiges geweet het voordat daaroor gepraat kon word. Die bring van die volle som van die verkoping het ook veroorsaak dat sommige dit met opregtheid gedoen het, maar daar was ook mense wat dit met bybedoelings gedoen het soos wat blyk uit die verhaal van Ananias en Saffira (Hand 5:1-11).

Na aanleiding van wat ons lees in vers 34 en 35 blyk dit dat die gelowiges die geld na die apostels gebring het en die **apostels** het die verdeling van die gawes onder die gelowiges behartig. Die gelowiges het die apostels as die leiers deur Jesus aangestel beskou. Daarom het hulle die geld ook na die apostels gebring om uit te deel. Later sou hierdie werkswyse ook probleme in die al groter wordende gemeente veroorsaak. Van hierdie probleme berig Lukas in Handeling 6:1-7.

6. Waarom sou Lukas so 'n uitgebreide bekendstelling van Barnabas gee? (vers 36)
7. Wat is opmerklik aan die feit dat Barnabas 'n Leviet was? (vers 37)

Na aanleiding van dit wat in vers 34 gesê is, gee Lukas nou 'n konkrete voorbeeld van 'n gelowige wat sy besittings verkoop het om die gemeente te ondersteun. Barnabas is die bynaam wat die Jode aan Joses gegee het. Hy was nie net 'n

vrygewige man wanneer dit by materiële dinge kom nie. Hy was iemand wat daarvoor bekend was dat hy ander opbeur en bemoedig. Daarom was hy eerder bekend met sy bynaam – Barnabas – seun van vertroosting.

Lukas gee 'n **uitgebreide bekendstelling** van Barnabas om twee redes. In die eerste plek is Barnabas en sy optrede 'n voorbeeld van hoe die gelowiges na mekaar omgesien het, sodat niemand aan iets behoefte gehad het nie. In die tweede plek – gesien binne die konteks – is Barnabas die teenpool van wat Ananias en Saffira gedoen het (Hand 5:1-11). En in die derde plek is hierdie bekendstelling die inleiding tot die volgende gedeeltes van Handeling. Aanvanklik word Barnabas hier genoem en dan lyk dit asof hy eers van die toneel verdwyn om dan later 'n al groter wordende rol te speel. Hy het Paulus later aan die apostels in Jerusalem voorgestel (Hand 9:27). Hy was later werksaam in Antiochië in Sirië (Hand 11) en hy het Paulus in sy tuisstad Tarsus gaan haal om hom in Antiochië te kon help. Daarna was Barnabas saam met Paulus op die eerste sendingreis en ook teenwoordig by die vergadering Jerusalem (Hand 15). Barnabas was ook die neef van Johannes wat Markus genoem word (Kol 4:10).

Wanneer Lukas Barnabas as 'n **Leviet** voorstel, is daar drie dinge wat 'n mens opmerk. Eerstens, blyk dit dat die geslagsregister vir Jode belangrik was. Elkeen moet sy geslagslyn kan terugvoer na die twaalf seuns van Jakob toe. Tweedens, word vermeld dat Barnabas van geboorte uit Ciprus afkomstig was. Dit wil sê dat Barnabas se ouers deel uitgemaak het van die Jode in die verstrooiing – algemeen bekend as die Jode in diaspora. Sedert die val van Samaria in 722 vC het baie Jode van die tien noordelike stamme oor die bekende wêreld verstrooi geraak en nooit teruggekeer na die beloofde land nie. Daar word egter geen vermelding gemaak van wanneer af Barnabas se voorgeslag hulle op Ciprus bevind het nie. Ciprus was ook een van die plekke waar Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis aangedoen het.

Derdens is dit opmerklik dat Barnabas as 'n Leviet 'n stuk grond besit het wat hy verkoop het. Dit is egter nie duidelik waar die stuk grond was wat die eiendom van

Barnabas was nie. Maar kragtens die wet mag 'n Leviet nie grond in die beloofde land besit het nie, want die Here het gesê dat Hyself die Leviëte se deel is (Num 18:24). Waarskynlik het hierdie wet nie meer so streng gegeld in hierdie tyd nie.

4.2 Samevatting

Die vervulling met die Heilige Gees het aan die een kant die uitwerking gehad dat die gelowiges almal met vrymoedigheid die Woord van die Here verkondig het. Die apostels in besonder het met groot die opstanding van Jesus verkondig. Daar was inderdaad geen vrees vir mense soos die Joodse Raad nie. Hulle het God gevrees en Jesus gehoorsaam.

Aan die ander kant het die vervulling met die Heilige Gees 'n uitwerking gehad op die wyse waarop gelowiges oor hulle besittings gedink het. Privaat eienaarskap – of eerder persoonlike rentmeesterskap – is nie opgehef nie. Elke gelowige wat kon en wou het sy van sy besittings in sy sorg verkoop sodat daat vir diegene wat in nood was voorsien kon word. Die woorde uit Deuteronomium 15:4 is waarskynlik die grootste motivering gewees vir hierdie optrede in die kerk in Jerusalem.

Hierdie verdeling van eiendom sodat niemand aan iets behoefte gehad het nie, lei Lukas om twee berigte te gee – van Barnabas aan die een kant en van Ananias en Saffira aan die ander kant. Die kerk was nog nooit volmaak gewees nie en die Here verdoesel ook geen onreg van sy kerk nie.

Hierdie versorging van hulle wat in nood is, het later gely tot groot armoede in die kerk in Jerusalem, sodat daar vanuit ander gemeentes hulp moes kom. Die Here het ook hierdie gebeure gebruik om later deur Paulus duidelike riglyne te gee oor hoe en wie versorg behoort te word:

- Die kerk moet onderskei wie werklik in nood verkeer (1 Tim 5:3)
- Indien iemand kan werk om homself te versorg, is hy nie werklik behoeftig nie en moet hy werk om in sy eie onderhoud te voorsien (2 Tess 3:10-12; 1 Tim 5:8; 1 Tess 4:11)
- Indien familie 'n behoeftige lidmaat kan versorg, moet hulle dit doen in plaas van die kerk (1 Tim 5:3-4)

- Diegene wat deur die kerk versorg word, moet op hulle beurt weer terugploeg in die kerk in (1 Tim 5:5, 10)
- Die kerk is verantwoordelik as hulle eers ondersoek instel voordat hulle help met versorging (1 Tim 5:9-13)
- Die kerk moet in die heel basiese behoeftes versorging gee (1 Tim 6:8)